So ja my vriende, Ek is seker jy het daar gesit en staar na jou ongelooflike geblokte lattice work shawl. Dit is VERBY pragtig….

NOU…. Wat om te doen…. Wat om te doen.... wat om te doen??? Wel, Laat ek jou vertel!

Laat ons dit vat van “EK KAN NIE GLO DAT JY DIT GEMAAK HET NIE!”

Ons gaan dit doen deur pragtige “Ierse Gehekelde Inspirasie” motiewe te maak. Hierdie week, gaan ons begin met hulle, volgende week gaan ons hulle klaar maak, die week daarna…. vaswerk! Ons is al reeds halfpad daar!

EERSTE: Kyk na die klaargemaakte shawl en gebruik dit as wegspringblok om te besluit watter kleur om te kies!

Wil jy **KOÖRDINERENDE BLOMME** maak? Jy gaan dan die blare en blomme in DIESELFDE kleure as die onderkant van die shawl maak. In my geval ivory onderkant, ivory blomme. Jy mag dalk bietjie kleur in hulle kry gebasseer op hoeveel balle daar in jou skakeering is! Gebruik hierdie slegs as ‘n GIDS ☺

Wil jy **KONTRASTERENDE BLOMME** maak? Jy gaan dan die blare en blomme in VERSKILLENDE kleure as die onderkant van die shawl maak. Deel van die pret is die keuses soos hierdie om dit jou EIE te maak!

Ons eerste motief gaan wees **“Open Work Leaf”**.

Gebruik die kleurskakering wat DIESELFDE is as Ry 1 van jou hoof shawl gedeelte.

Ons gaan 6 blomme en 18 blare maak. Werk net in die regte volgorde van jou kleur skakerings, begin met die kleur wat in Ry 1 van jou shawl is. Ek het deur die 1ste 3 klein skakering balle gewerk wat van my wolkoek afgekom het.

OPEN WORK LEAF: (Maak 18) **MOENIE rondtes draai NIE.**

Voltooide Afmetings van elke blaar: ongeveer 2.5” lank (picot ingesluit) X 2” wyd

10 ks, gls in 1ste ks om ring te vorm.

Rdte 1: 2 ks (tel as 1ste lb), lb 20 keer in die sirkel (nie in die kettingsteke nie), gls in bokant van beg 2-ks. (21)

Rdte 2: 1 ks, kb in dieselfde st, 2 kb in elk van die vlg 2 ste, 2 hlb in elk van die vlg 3 ste, 2 lb in elk van die vlg 4 ste, lb in vlg st, 3 ks, gls in die 2 voorste lusse van die lb by die basis van die kettingsteek wat jy pas gemaak het (picot gemaak), 2 lb in elk van die vlg 4 ste, 2 hlb in elk van die vlg 3 ste, 2 kb in elk van die vlg 2 ste, kb in laaste st, gls aan 1ste kb gemaak, heg af, laat ongeveer 8-10” stert vir ondersteuning tydens vaswerk later aan.

Die foto wys die plek om jou hekelpen in te steek wanneer jy die picot maak, onder die twee voorste lusse van die LB by die basis van die 3-ks:

Nou, gaan ons aanbeweeg na daardie pragtige welige multi-laag blomme. Weereens, gaan net aan met jou kleurskakerings in die regte volgorde soos dit van jou bal afgekom het, vir my, balle 1-3.

MULTI LAAG BLOM (Maak 6):

Maak ‘n magic sirkel:

Rdte 1: 1 ks, 8 kb in ring, gls aan 1ste kb om toe te maak.

Rdte 2: 1 ks (tel nie as st) hlb in dieselfde st, 1 ks, *hlb in vlg st, 1 ks, herhaal van *, nog 6 keer, gls aan bokant van 1ste hlb gemaak. (8 hlb, 8 1-ks sps)

Rdte 3: gls in 1ste 1-ks sp, 3 hlb in dieselfde sp, gls in volgende hlb, *3 hlb in vlg 1-ks sp, gls in vlg hlb, herhaal van * nog 6 keer, gls aan die 1ste gls gemaak. (24 ste, glipsteke nie ingesluit nie, 8 blomblare)

Rdte 4: 1 ks (tel nie as st) AHlb rondom hlb direk onder van rondte 2 van AGTER die blomblare van rondte 3, 3 ks, *AHlb rondom volgende hlb van rondte 2 van agter, 3 ks, herhaal van * nog 6 keer, gls aan bokant van 1ste AHlb gemaak. (8 AHlb, 8 3-ks sps)

Die foto onder wys hoe jy rondom die hlb van die rondte onder gaan werk. Die hekelpen word van agter na voor rondom die hlb ingedruk (die hlb waarom ek werk in die foto is AGTER die hekelpen). Die tweede foto wys rondte 3 voltooid. Let op hoe dit agter die vorige rondte gewerk is, Dit vorm ‘n raam vir die volgende laag blomblare.


G 4.0mm

Rdte 5: gls tot die 1st 3-ks spasie, (2 hlb in die dieselfde 3-ks spasie, AHlb (Agterste Hekkie langbeen) rondom die DERDE hlb van die blomblaar op die vorige laag blomblaar reg aan die bokant van die huidige blomblaar, 2 hlb in die dieselfde 3-ks spasie op rondte 5 weer), gls in vlg AHlb, *2 hlb in vlg 3-ks sp, AHlb rondom die 3de hlb van die blomblaar bo soos tevore, 2 hlb agter in die dieselfde 3-ks sp, gls in vlg AHlb, herhaal van *, nog 6 keer, gls aan die 1ste gls gemaak. (40 ste, glip steke nie ingesluit nie, 8 blomblare)

Rdte 6: 1 ks, (tel nie as st), AHlb rondom AHlb direk onder van rondte 4, werk agter blomblare, 4 ks, *AHlb rondom vlg AHlb van rondte 4, 4 ks, herhaal van *, nog 6 keer, gls aan bokant van beg AHlb. (8 AHlb, 8 4-ks sps)

WENK: Wanneer jy die AHlb werk, die kettingsteke kan geneig wees om te rol. Ek gebruik my vingers en "knyp" die kettingsteke aan die agterkant van die werk om dit te anker om die AHlb makliker te voltooi.

Rdte 7: gls tot die 1ste 4-ks spasie, 4 hlb in dieselfde sp, AHlb onder die BOONSTE LUSSE ALLEEN van die 3de st van die blomblaar bo (die AHlb van die blomblaar ook), 4 hlb agter in die dieselfde 4-ks spasie, gls in volgende AHlb, *4 hlb in vlg 4-ks sp, AHlb onder die BOONSTE LUSSE ALLEEN in die 3de st (die AHlb) van die blomblaar bo soos tevore, 4 hlb in die dieselfde 4-ks spasie again, gls in vlg AHhlb, herhaal van *, nog 6 keer, gls aan 1ste gls gemaak. (72 ste, glipsteke nie ingesluit nie, 8 blomblare)

Hierdie foto wys jou hoe jy onder die BOONSTE LUSSE alleen werk. Dit beteken jy steek jou hekelpen van agter onder die boonste lusse net bokant die steek wat jy werk (die plek waar jy normaalweg jou hekelpen sou insteek om 'n steek te werk), steek dan die hekelpen van voor na agter onder die boonste lusse net agter die steek om dit te voltooi. Dit is dieselfde as 'n Agterste Hekkie steek behalwe dat jy "vlak" werk deur net onder die lusse in te steek eerder as om rondom die hekkie van die steek te werk.



Rdte 8: 1 ks, tel nie as st, AHlb rondom AHlb direk onder in RONDTE 6 werk agter blomblare, 5 ks, *AHlb rondom vlg AHlb van RONDTE 6, 5 ks, herhaal van *, nog 6 keer, gls aan bokant van 1ste AHlb gemaak. (8 AHlb, 8 5-ks sps)

Rdte 9: gls tot 1ste 5-ks sp, 5 hlb in dieselfde sp, AHlb onder die BOONSTE LUSSE ALLEEN van die AHlb in die blomblaar bokant (die 5de st van die blomblaar), 5 hlb agter in die dieselfde 5-ks spasie , gls in volgende AHlb, *5 hlb in vlg 5-ks sp, AHlb onder die BOONSTE LUSSE ALLEEN van die AHhlb (die 5de steek) van die blomblaar bo soos tevore, 5 hlb in die dieselfde 5-ks spasie, gls in vlg AHlb, herhaal van *, nog 6 keer gls in 1ste gls gemaak, heg af laat 'n 24" stert vir soom later. (88 ste, glipsteke nie ingesluit, 8 blomblare)

SIT JUL HEKELPENNE NEER ALMAL! Dit is dit vir hierdie week. Volgende week, gaan ons die tweede rondte van motiewe werk, deur die oulike balletjies van kleurskakerings te gebruik wat oorbly:

Week 6: Irish Crochet Motifs – Deel 2

Tot volgende keer……

Baie liefde & Garing,

Stephanie

Follow on Facebook Here!

Follow on Instagram Here!

Follow on Ravelry Here!

Follow on Pinterest Here!

Follow on YouTube Here!

Follow on Twitter Here!

Follow on Etsy Here!

Die inligting en fotos in hierdie publikasie is die uitsluitlike kopiereg eiendom van Crochetverse©2016. Moet asseblief nie enige inligting hierin kopieër en versprei op enige manier elektronies, verbaal, of geskrewe in dele of in in geheel nie. Deel eerder slegs die DIREKTE SKAKEL na hierdie publikasie, en as jy dit deel, sê ek dankie dat jy dit deel. Jy mag natuurlik enige iets wat jy van die patroon af met jou eie twee hande gemaak het verkoop, geen kontrak arbeid of massa produksie word toegelaat nie. As jy erkening gee aan Crochetverse as die ontwerper word dit hoog op prys gestel!